GELD INGESAMEL VIR LIEFDADIGHEID

# Skets van sanger haal R15 000



*Solis*, Jacobus Silwer se skets wat hy tydens 'n optrede van Mathys Roets gemaak het. Foto: VERSKAF

## Mathys Roets 'se hart is groot'

**Cherène Pienaar**

Die balpuntskets wat Jacobus Silwer van Mathys Roets geteken het, het Vrydagaand met hul vertoning R15 000 gehaal toe 'n Bloemfonteinse egpaar daarop gebie het.

Dit is ten bate van Huis Remme-los, 'n liefdadigheidsorganisasie in Johannesburg waarby Roets betrokke is.

*Taal van my hart*, Roets en Silwer se vertoning, is Vrydagaand in die Aasvoël-klub in Bloemfontein aangebied nadat die vertoning in Julie in die Atterbury-teater in Pretoria te sien was en Silwer Roets van agter geskets het terwyl hy sing.

Silwer, wat al talle kere in die Aasvoëlklub opgetree het, sê Vrydagaand was sy beste ervaring nóg daar.

"Mathys sit daai hele gebou vol. Hy is net goed, huislik en 'n ongelooflike kunstenaar."



Jacobus Silwer en Mathys Roets by Elize en Hennie Butler van Bloemfontein wat die kunswerk vir R15 000 gekoop het. Foto: VERSKAF

Norman Wright, wat in die raad van Huis Remme-los dien en self 'n kwadrupleeg is, sê hulle was baie verras toe hulle hoor wat die bedrag is wat *Solis*, die naam van die kunswerk, gehaal het.

"Elke sent help ons om deur te kom. Ons ken al vir Mathys; hy het al baie gehelp en het in die verlede konserte vir ons gehou. Hy verstaan dié goed en het 'n groot hart."

Hennie Butler van Bloemfontein en sy vrou, Elize, het op die skets gebie en die bod is op R15 000 toegeslaan, wat aan Huis Remme-los sal gaan.

Roets en Silwer is twee kunstenaars wat hulle na aan die hart lê, sê hy.

"In 'n tyd waarin kunstenaars geldelik swaarkry het hulle dié reuse-bydrae gemaak."

Roets sê dit was 'n goeie gebaar van Silwer om voor te stel dat dit aan 'n liefdadigheidsorganisasie geskenk word, en hy het Huis Remmelos voorgestel.

"Dis net lekker om te weet daai bedrag maak onmiddellik 'n verskil. Hulle is so afhanklik van hul personeel en die mense wat na hulle kyk.

"As 'n mens daar kuier, voel dit sommer of jy vriende gemaak het."



'n Motorfiets-uithouwedren is vanjaar op die program van die Kalahari Kuierfees. Foto: ANENA BURGER

# Kalahari-fees 'kom uit hart van welwillendheid'

**Anena Burger**

Hoewel die ekonomie steeds weens hoë brandstofpryse en ander faktore knyp, was dit duidelik dat mense honger vir vermaak en samesyn is.

Die Kalahari Kuierfees, wat tradisioneel in Die Eiland-vakansieoord langs die Oranjerivier gehuisves word, is vanjaar by die Desert Palace Resort gehou.

"Die verskuiwing na dié terrein was die regte besluit, want dit het dit vir die fees moontlik gemaak om 'n reeks nuwe en opwindende items op die program by te voeg," het Danie Bruwer, voorsitter van die Kalahari Kuierfees, op die borge-geselligheid gesê.

Van die nuwe items is 'n motorfiets-uithourit tussen die duine langs die feesterrein. Hier het deelnemers van jonk tot oud die enjins laat brul en stof en sand opgeskop om hul vernuf met hul motorfietse te wys.

'n Uithou-fiksheidskompetisie is ook aangebied, waar die fikste inwoners van die dorp hul staal by die Inter Crossfit-uitdaging kon toets.

Buiten die nuwe items, was ou bekendes, soos die Upington Toyota-Stap-vir-Bybels ook 'n groot sukses. Dit is vanjaar die 20ste keer aangebied.

'n Groot groep inwoners het die geleentheid ondersteun. Een deelnemer het selfs van Louisvale, sowat 15 km buite Upington, gestap om dit te ondersteun.

Die Upington Toyota-Stap-vir-Bybels samel geld in vir die verspreiding van Bybels. Volgens die Bybelgenootskap is die Noord-Kaap die streek wat dié inisiatief die beste ondersteun.

Vermaak is verskaf deur kunstenaars soos Dirk van der Westhuizen en Corlea Botha.

Michael Jackson het ook blykbaar uit die dode verrys en Saterdagaand onder groot gejuig, kompleet met sonbril, rooi handskoene en blink sokkies, sy passies op die verhoog uitgehaal. Dantanio Goodman, 'n Jackson-nabootser, het die feesgangers aan die brand gehad met sy hoë skoppe, Jackson-geite en bekende liedjies van die ontslape popster.

Die Kalahari Kuierfees is een van die oudste oorlewende feeste in die land, sê Bruwer. Die fees is nou, ondanks die verlies van die twee jaar weens die pandemie, in sy 24ste jaar.

"Die fees is vir die gemeenskap 'n belangrike gebeurtenis op die jaarlikse kalender. Nie net bring dit vermaak na die dorp nie, maar dit is ook 'n belangrike ekonomiese inspuiting vir die streek."

Bruwer sê die fees word uit die gemeenskap vir die gemeenskap aangebied en gee aan plaaslike organisasies die geleentheid om terug te ploeg.

Kinders van die Jogebed-kinderhuis is vanjaar ook by die fees getrakteer. Hulle kon met skenkings van die Desert Palace Resort, die NG kerk in Kenhardt se Stokkiesbraaistalletjie en die maatskappy wat die pretritte aanbied 'n heerlike dag geniet. Senior burgers van Upington is ook Donderdag by die fees bederf.

"Die fees is uit 'n hart van welwillendheid gebore en sal daaruit voortleef," sê Bruwer.

## Radio-legende Evelyn Martin oorlede op 93

**Cara-Lee Dorfling**

Die veteraan-radio-omroeper Evelyn Martin is in die ouderdom van 93 oorlede.

Sy het Vrydagaand gesterf by die aftreeoord in Johannesburg waar sy gewoon het.

Shaun Mynhardt, stigter van die Suid-Afrikaanse Legendes-museum in Pretoria, het die nuus aan *Die Burger* bevestig nadat Martin se seun hom vroeër in kennis gestel het.

Martin het in 1950 'n bekende stem op die destydse LM Radio geword toe sy op die ouderdom van 21 as omroeper begin werk het. Met die sluiting van LM Radio in 1974 by die radiostasie Springbok aangesluit, waar sy tot 1985 agter die mikrofoon gewerk het.



Evelyn Martin Foto: FACEBOOK, DIE SUID-AFRIKAANSE LEGENDES-MUSEUM

Mynhardt beskryf Martin as 'n legendariese veteraan-omroeper wat sjarmant en geliefd was. Hy sal Martin veral onthou vir die hoorbare glimlag in haar stem.

Tydens sy besoek drie jaar gelede aan Martin, ter voorbereiding van die museum se inhuldiging, was dié glimlag steeds hoorbaar sê hy.

"Jy kon die glimlag in haar stem hoor en dit was haar groot geheim, want jy kon dit oor die radio hoor.

"Tydens my besoek aan haar was sy so warm, vriendelik en het sy met soveel liefde gesels oor haar jare by Springbok-radio saam met tannie Esmé Euvrard en al die ander omroepers van die tyd.

"Die Suid-Afrikaanse Legendes-museum onthou vir Evie, soos sy genoem is, met baie liefde en respek.

"Nóg 'n groot seder in ons musiekwoud het geval," het Mynhardt gesê.

Martin word deur haar seun oorleef.

## Drie van wêreld se 50 beste kroeë is in Kaap

Die 50 beste kroeë ter wêreld vir 2022 word aanstaande week in Barcelona, Spanje, bekend gemaak, maar Suid-Afrika het intussen gehoor vier van sy drinkplekke is tussen 51ste en 100ste op die lys.

The World's 50 Best Bars stel sedert 2009 die lys van bestes op en dit word deur 650 beoordelaars van reg oor die wêreld bepaal.

Drinkplekke in altesaam 32 wêreldstede is besoek in dié proses.

Die koreg Cause Effect Cocktial Kitchen in Kaapstad het die 53ste plek op die lys behaal.

Volgens die samestellers het dié onderneming die plaaslike mark "op sy kop gedraai" met sy verskeidenheid van opsies.

In die 88ste plek is Art of Duplicity in Kaapstad.

Dié kuierplek word as 'n "versteekte kroeg" beskryf. As jy die kroeg in die middestad van Kaapstad wil besoek, moet jy die wagwoord ken om te kan ingaan.

Die derde kroeg in Kaapstad wat die lys gehaal het, is The House of Machines in Kortmarkstraat in die 92ste plek.

Die samestellers van die lys het veral die ruimte van die kroeg gekomplimenteer.

Sin+Tax, 'n kroeg in Rosebank, Johannesburg, het die 100ste plek op die ranglys gehaal.

Die kroeg word as 'n "gesellige en intieme" onderneming beskryf. Die spyskaart bevat ook "iets vir almal".



Mense kuier in die eksklusiewe Art of Duplicity in Kaapstad. Foto: ART OF DUPLICITY/FACEBOOK

## Kaapse wyne as beste ter wêreld vereer

**Jana Breytenbach**


Twee Kaapse wynlandgoedere is pas op die internasionale verhoog as die beste rooi- en witwynprodusente ter wêreld bekroon.

Die wyne van Kanonkop en Jordan, beide in die Stellenbosch-wyndistrik, is Vrydag op die Internasionale Wyn-en-spiritus-uitdaging (IWSC) as die wenners aangewys.

Dit is 'n baie groot prestasie vir Suid-Afrika, wat teen verskeie ander lande soos Frankryk, Italië, Spanje, Amerika en Australië meegeding het.

Beoordelaars moes die wenners uit nagenoeg 12 000 wyne aanwys en Kanonkop is as die beste rooiwynprodusent en Jordan as beste witwynprodusent gekies.

Die IWSC is die leidende wynkompetisie ter wêreld, en so 'n benoeming is 'n baie groot eer omdat verskeie panele van internasionale wynkenners die wyne beoordeel.



Gary en Kathy Jordan Foto: VERSKAF/JORDAN-WYNLANDGOED

**Jordan**

Gary en Kathy Jordan, die egpaar wat die plaas van 164 ha buite Stellenbosch bestuur, produseer sedert 1993 wyn en fokus op chardonnay, sauvignon blanc en chenin, maar ook rooiwyne soos merlot, cabernet sauvignon en shiraz.

Die landgoed is bekend vir sy nuwe denkrigtings en innovasies. Die span het die afgelope drie jaar met klei-amfore vir hul chardonnay, chenin blanc, assyrtiko en shiraz begin eksperimenteer.



Johann Kriege van Kanonkop Foto: VERSKAF

"Dit vang die suiwerheid van vrugte vas, terwyl die suurheid en die persepsie van mineraliteit wat ons in ons wyne geniet behoue bly," sê hulle.

Vanjaar het hulle 'n nuwe mandjiepers ingestel om hulle in staat te stel om wyn van kleiner dele te maak. Benewens die gewone vate van 225 en 228 liter, stel hulle nuwe groter vate aan die houtregime bekend. In die wingerd het Gary en Kathy nuwe variëteite bekend gestel, soos assyrtiko, wat op 'n nuwe deel van die landgoed, wat noordwaarts front, geplant is.

Hulle beskerm steeds bestaande ou wingerde; die landgoed is lid van die Old Vine Project, wat die oudste wingerde wat dekades gelede geplant is bewaar. "Ons erken dat ouderdom in wingerdstokke 'n intensiteit, 'n waargenome varsheid, 'n tekstuur en 'n gevoel van plek bring wat ons kliënte geniet," sê hulle.

Volgens die IWSC het hul 2020-chardonnay die beste gevaar en met die louere weggestap. Hul vat met gefermenteerde 2020-chardonnay het 95 punte behaal, terwyl hul Nine Yards Chardonnay 2020 96 punte gekry het. Nine Yards kom van 'n oostelike wingerd, wat koeler oggendson geniet.

Die beoordelaars is getref deur die "verblindende aromatiese neus" en beskou dit as " 'n wonderlike wyn van uitstekende gehalte".

**Kanonkop**

Met die tien medaljes wat vir sy bekende rooiwyne – onder meer cabernet sauvignon, pinotage en die legendariese Paul Sauer-rooiversnit – toegeken is, het Johann Krige van Kanonkop gesê hulle strewe daarna om die beste rooiwynprodusent ter wêreld te bly.

Kriege is ook die president van die IWSC.

Hy is saam met sy broer, Paul, die vierde generasie wynmakers op dié plaas.

Kanonkop beslaan 95 ha van onder meer pinotage en cabernet sauvignon, wat 85% van die plaas se variëteite uitmaak.

Daar is ook klein areas van merlot en cabernet franc.

Die broers se fokus is om kwaliteit sagkens te verbeter en die uitdrukking van *terroir* aan te moedig.

Kriege het gesê hierdie toekenning is 'n enorme eer en dit sal hopelik die wêreld eens en vir altyd laat besef dat Suid-Afrika se wyne onder die heel bestes tel wat oor die aarde heen gemaak word.

## Rassie dans letterlik van vreugde ná verbod in stadions verby is

**Jana Breytenbach**

'n Mens kan nie sê die Suid-Afrikaanse direkteur van rugby het nie 'n humorsin nie, en om dit te bewys, het Rassie Erasmus Saterdag 'n video-opname gedeel van hom en 'n vriend wat op 'n liedjie van Eminem, "Guess Who's Back", dans.

Dit was om die einde te vier van sy inperking, wat bepaal het dat hy na geen stadions mag gaan nie.

"Ek weet van julle sal sê dit is onvanpas, maar dit is so lekker om terug in die stadions te wees! Geluk aan die Springbok-spanne en dankie vir die Stormers-ondersteuners vir 'n lekker stadion-*vibe*," het hy op Twitter geskryf.

Sy eerste toets sal op 5 November (sy 50ste verjaardag) wees wanneer die Springbokke in Dublin met Ierland in Dublin kragte sal meet.

*Die Burger* het vroeër berig dat dit sy grootste geskenk sal wees om hierdie belangrike toets op sy verjaardag by te woon.

Sedert sy skorsing oor die Nic Berry-video moes hy die toetse hoofsaaklik op televisie kyk.

Weens sy skorsing mag hy tot einde September ook geen van die Bokke se nuuskonferensies bygewoon het nie.

Wêreldrugby het Erasmus aanvanklik in November verlede jaar vir twee maande by toetse in enige stadion verbied. Dit was aan die vooraand van die Springbokke se toets teen Engeland op Twickenham.

Suid-Afrika het daardie toets verloor.

Erasmus is ná 'n tugverhoor tydens die Springbokke se eerste toets teen die Britse en Ierse Leeus in Julie verlede jaar die straf opgelê. Dit was oor sy video van 62 minute waarin hy die skeidsregter Nic Berry en TMO Marius Jonker kritiseer.

Saru is ook met £20 000 beboet.

BOSTON CID

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering (AJV)**

Die Boston Community Improvement District NPC (Boston CID) hou 'n AJV. Alle belanghebbende persone word genooi na 'n oorsig van die jaar se bedrywighede en beplanning vir 2023/24.

**Datum:** 27 Oktober 2022
**Tyd:** 18:30
**Plek:** SDA Kerk 54 Boston Straat, Boston

Slegs bona fide-lede van die Boston CID kan stem by 'n AJV. Alle eienaars van nie-residentieële en/of residentsieële eiendom wat binne die Boston CID val, kan lede word sonder enige koste daaraan verbonde, maar moet registreer voor 20 Oktober 2022.

'n Spesiale resolusie sal vereis word vir die wysiging van die nuwe Memorandum van Inkorporasie (MOI) soos beoog in Artikel 16(5)(a) van die Wet op Maatskappye, Wet 71 van 2008.

**Vir meer besonderhede oor registrasie en dokumentasie gaan na - www.bostoncid.co.za , stuur 'n epos aan secretary@bostoncid.co.za of skakel 0761976816**

X1XEQGWA-DB031022